**31 JULIE** **SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 9:1-19**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 9:1-9**

## God gryp in

Wanneer God in ’n mens se lewe ingryp, is dit nie ’n gebeurtenis wat maklik vergeet word nie. Inteendeel, so ’n persoon word dan ’n ware bekeerling van God. In Handelinge 9 word so ’n ingryping van God, naamlik die bekering van Saulus, baie duidelik geïllustreer. Uit hierdie gedeelte kan ons Saulus voor, tydens en na sy wonderbaarlike bekering aanskou.

Vers 1 beskryf hoe Saulus soos ‘n “besetene” gelowiges vervolg het. In die vorige hoofstuk kan daar al gesien word hoe hy “die kerk probeer uitroei het” (Hand. 8:3). Hy was inderdaad ’n jagter van Christene en het ten alle koste die verspreiding van die evangelie probeer keer.

Tog bewys God dat niks vir Hom onmoontlik is nie, en Hy stuit Saulus dwars in sy spore. Op Saulus se reis na Damaskus verskyn Christus self aan hom en bewerkstellig ‘n verbysterendste bekering (Hand. 9:3-9).

Hierdie bekering laat Saulus ‘n handomkeer in sy lewe maak. Skielik verkondig hy dieselfde evangelie as dié van die mense wat hy vervolg het. Meer as dit, hy is deur die genade wat van God kom, bereid om self die swaarste vervolging te ondergaan ter wille van die verkondiging van die evangelie (vgl. 2 Kor. 11:23-26). Hy is nie meer die “besetene” nie, maar die Geesvervulde!

Ons glo dat God ook in ons lewens ingryp en ons daagliks bekeer. Met die genade van God kan ons die ou sondige mens laat afsterf, en die nuwe mens wat God se wil doen, laat opstaan (HK, So. 33:88-90). Sodoende word ons kragdadige kinders van God wat deur ons woorde, dade en getuienis elke dag die evangelie van Jesus Christus aan die wêreld verkondig.

*Sing: Psalm 146:1, 2* *Hannes Lee (Teologiese student)*